2020/07/01

# HANDELINGE 21

Bybelstudie

# HANDELINGE 21 OPSOMMING

- **Paulus reis na Jerusalem**
- **Paulus besoek Jakobus in Jerusalem**
- **Die Jode sweep die skare op en neem Paulus gevange in die tempel**
- **Paulus verdedig en vra om die volk toe te spreek**

Bybelstudie

Handelinge
Bybelstudie

Handelinge en Sendbriewe kruisverwysings ten opsigte van Paulus se bediening

# PAUL'S LETTERS AND MISSIONARY JOURNEYS

| YEAR A.D. | MAJOR EVENTS | ACTS | PERIOD | LETTERS |
|---|---|---|---|---|
| 34 | Conversion, Damascus, Arabia | 9 | 3 years - Arabia | |
| 37 | Jerusalem, Tarsus, Syria, Cilicia | | | |
| 46-47 | Antioch, Jerusalem | 11 | 1 year - Antioch | |
| 48-49 | First Missionary Journey and Antioch | 13-14 | | Galatians |
| 50 | Jerusalem Council and Antioch | 15 | | |
| 51-53 | Second Missionary Journey | 16-18 | 18 months - Corinth | 1 Thessalonians<br>2 Thessalonians |
| 53-54 | Antioch | | | |
| 54-57 | Third Missionary Journey | 19-21 | 3 years - Ephesus | 1 Corinthians<br>2 Corinthians<br>Romans |
| 57 | Jerusalem Arrest | 22-23 | | |
| 57-59 | Caesarea Prisoner | 24-26 | 2 years | |
| 59-60 | Journey to Rome | 27-28 | | |
| 60-67 circa | Rome House Arrest | 28 | 5-7 years circa | Ephesians<br>Colossians<br>Philemon<br>Philippians<br>1 Timothy<br>Titus<br>2 Timothy |

Briewe

Jaar | Gebeurtenis | Hoofstuk | Tydperk

ConformingToJesus.com

Handelinge Bybelstudie

Handelinge As Boek

# BOOK OF ACTS

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Author | Luke, the Doctor | | | | | | | | | |
| Time | 2 yrs - 33-35 AD ca. | | 14 yrs - 35-48 AD ca. | | 17 or 19 yrs - 48-65 or 67 AD ca. | | | | | |
| | FOUNDATION OF THE CHURCH | | | | FOUNDER OF CHURCHES | | | | | |
| Sections | Spirit of the Church | Growth of the Church | Persecution of the Church | Expansion of the Church | First Journey of Paul | Second Journey of Paul | Third Journey of Paul | Arrest of Paul | Trials of Paul | Imprisonment of Paul |
| Chapters | 1 4 | 5 7 | 8 9 | 10 12 | 13 15 | 16 18 | 19 20 | 21 23 | 24 26 | 27 28 |
| Topics | Peter | | Peter & Philip | | Paul | | | | | |
| | To the Jews | | To the Gentiles in/around Israel | | To the Gentiles outside Israel | | | | | |
| Place | Jerusalem | | Judea & Samaria | | Uttermost Parts of the Roman Empire | | | | | |

Jaar

Gebeurtenis

Hoofstuk

ConformingToJesus.com


Handelinge
Bybelstudie

Kaart van 3de
Sendingreis van
Paulus



# Handelinge 21
# Paulus gaan na Jerusalem

- 1. Paulus en ons het totsiens gesê vir die ouderlinge van die stad Efese, en toe het ons weggeseil met die skip. Ons het reguit geseil tot by die eiland Kos. Die volgende dag het ons tot by die eiland Rodos geseil en toe tot by die stad Patara.
- 2. In Patara het ons 'n skip gekry wat na die land Fenisië sou seil. Ons het op die skip geklim en weggeseil.
- 3. Ons het verder geseil en ons kon die eiland Siprus sien. Ons het nog verder geseil en ons het regs verby Siprus geseil tot by Sirië. Ons het by die stad Tirus afgeklim, want die mense moes daar die goed aflaai wat op die skip was.




https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
# Paulus gaan na Jerusalem




- 4. Ons het die gelowiges in Tirus gaan soek en ons het sewe dae lank by hulle gebly. Hulle het vir Paulus gesê die Heilige Gees het gesê hy moenie na Jerusalem gaan nie.
- 5. Toe die sewe dae verby was, het ons uit die stad gegaan om verder te gaan. Al die gelowiges, ook hulle vrouens en kinders, het saam met ons uit die stad gegaan. **Ons het op die strand gekniel en gebid.**
- 6. Toe het ons mekaar gegroet en ons het op die skip geklim. Die gelowiges het teruggegaan huis toe.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
# Paulus gaan na Jerusalem




- 7. Ons het van Tirus verder met die skip geseil en ons het by die stad Ptolemaïs gekom. Ons het die gelowiges daar gegroet en ons het een dag lank by hulle gebly.
- 8. Die volgende dag het ons verder gegaan en ons het by die stad Sesarea gekom. Daar het ons na die huis van Filippus gegaan en ons het by hom gebly. Hy was een van sewe leiers wat die goeie boodskap van God in Sesarea gebring het.
- 9. Filippus het vier dogters gehad, hulle was nog nie getroud nie. Die vier dogters was profete.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
# Paulus gaan na Jerusalem




- 10. Ons het 'n lang tyd daar gebly. Terwyl ons daar was, het 'n profeet van Judea daar aangekom. Sy naam was Agabus.
- 11. Agabus het na ons toe gekom en hy het Paulus se belt gevat. Agabus het sy eie hande en voete met die belt vasgebind en gesê: "Die Heilige Gees sê die Jode in Jerusalem sal die man wat altyd hierdie belt dra, só vasbind. En hulle sal hom dan vir die heidene gee."
- 12. Toe ons hoor wat Agabus sê, het ons en die gelowiges wat daar woon, vir Paulus ernstig gevra om nie na Jerusalem te gaan nie.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
# Paulus gaan na Jerusalem




- 13. Toe sê Paulus: "Wat doen julle nou? Julle huil en julle maak my hartseer! **Ek is gereed om te gaan. Die mense kan my vang in Jerusalem, dit maak nie saak nie. Ja, ek is ook gereed om in Jerusalem te sterf vir die Naam van die Here Jesus.**"
- 14. Paulus wou nie luister na wat ons vir hom sê nie, en daarom het ons stilgebly. Ons het net gesê: "**Ons bid dat die Here sal doen wat Hy wil doen**."
- 15. Nadat hierdie tyd verby was, het ons gereedgemaak om na Jerusalem te gaan.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
# Paulus gaan na Jerusalem




- 16. Party van die gelowiges van Sesarea het saam met ons gegaan. Hulle het ons in Jerusalem gebring na die huis van Mnason. Mnason het voorheen op die eiland Siprus gewoon en hy het lank gelede 'n gelowige geword. Ons het by hom in Jerusalem gebly.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
# Paulus besoek vir Jakobus in Jerusalem




- 17. Toe ons in **Jerusalem** aankom, was die **gelowiges** daar **baie bly om ons te sien**.
- 18. Die volgende dag het Paulus saam met ons na Jakobus se huis gegaan. Al die ouderlinge was daar.
- 19. Paulus het hulle gegroet en toe het hy alles vertel wat God gedoen het, en hoe hy God se werk by die heidene gedoen het.
- 20. Toe hulle hoor wat Paulus sê, het hulle God geprys. En hulle het vir Paulus gesê: "Vriend, jy weet daar is duisende Jode wat in Christus glo, en hulle is almal baie gehoorsaam aan die wette.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

AGS HELDERBERG AFM

# Handelinge 21
# Paulus besoek vir Jakobus in Jerusalem




- 21. Party mense het vir hulle gesê dat jy vir al die Jode wat by die heidene woon, sê hulle moenie doen wat in Moses se wette geskryf is nie. Hulle sê dat jy sê daardie Jode moenie hulle kinders besny nie en hulle moenie soos Jode lewe nie.
- 22. “Ons weet nou nie wat om te doen nie. Die Jode wat in Christus glo, sal hoor dat jy na Jerusalem gekom het. Dit is seker!
- 23. Jy moet nou maak soos ons vir jou sê. Hier is vier mans by ons, hulle het ’n gelofte gemaak.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
# Paulus besoek vir Jakobus in Jerusalem




- 24. Wanneer hulle vir hulle laat reinig, dan moet jy ook vir jou laat reinig. En jy moet betaal sodat hulle al hulle hare kan laat afskeer. Dan sal almal weet die dinge is nie waar wat mense oor jou sê nie. Hulle sal weet dat jy self ook reg lewe en doen wat die wette sê.
- 25. Maar ons het 'n brief geskryf vir die heidene wat in Christus glo. Ons het vir hulle geskryf dat ons besluit het dat hulle nie afgod-offervleis moet eet nie, hulle moet ook nie bloed eet of iets eet wat verwurg is nie, en hulle moenie onsedelik lewe nie."

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
# Paulus besoek vir Jakobus in Jerusalem




- 26. Paulus het toe gesê die mans moet saam met hom gaan. Die volgende dag het hy homself laat reinig saam met hulle. Toe het hy ingegaan in die tempel. Hy het daar vir almal gesê hoe lank hy en die vier mans hulle sal laat reinig. Hy het ook gesê op watter dag dit verby sal wees en wanneer elkeen van hulle 'n offer sal bring.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
# Die Jode vang vir Paulus in die tempel




- 27. Die sewe dae wat Paulus en die vier mans hulle laat reinig het, was amper verby. Toe het Jode wat van die provinsie Asië gekom het, vir Paulus in die tempel gesien. Hulle het so geskree dat almal in die tempel kwaad geword het vir Paulus en hulle het vir Paulus gevang.
- 28. Hulle het hard geskree en gesê: "Israeliete, julle moet kom help! **Hier is die man wat oral vir almal dinge leer** wat teen ons volk is, en wat ook teen ons wette en teen die tempel is. Hy het ook Grieke ingebring in die tempel en so het hy hierdie gewyde plek onrein gemaak."

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
## Die Jode vang vir Paulus in die tempel




- 29. Die Jode uit Asië het so gesê, want hulle het voorheen gesien dat Trofimus saam met Paulus in Jerusalem is. Trofimus was 'n Griek van die stad Efese. Daarom het hulle gedink Paulus het vir Trofimus saamgebring na die tempel.
- 30. Almal in die stad het kwaad geword en die mense het na die tempel gehardloop. Hulle het vir Paulus gegryp en hulle het hom uit die tempel gesleep. Die mense by die tempel het die tempel se deure dadelik toegemaak.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

## Handelinge 21
## Die Jode vang vir Paulus in die tempel




- 31. Die Jode het probeer om vir Paulus dood te maak. Maar iemand het vir die hoof-offisier van die Romeinse soldate gaan sê dat al die mense van Jerusalem kwaad is en dat hulle baie raas.
- 32. Die hoof-offisier het dadelik vir sy soldate en offisiere gesê hulle moet saam met hom kom, en hulle almal het na die tempel gehardloop. Toe die Jode die hoof-offisier en die soldate sien, het hulle opgehou om vir Paulus te slaan.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
# Die Jode vang vir Paulus in die tempel




- 33. Die hoof-offisier het nader geloop en hy het vir sy soldate gesê hulle moet vir Paulus ’n gevangene maak. Hy het ook vir Paulus laat vasbind met twee kettings. Die hoof-offisier het vir die Jode gevra wie Paulus is en wat hy verkeerd gedoen het.
- 34. Party Jode het iets geskree en party Jode het iets anders geskree. Hulle het so baie geraas dat die hoof-offisier nie kon uitvind wat regtig gebeur het nie. Daarom het hy vir sy soldate gesê hulle moet vir Paulus neem na die plek waar die soldate woon.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
## Die Jode vang vir Paulus in die tempel




- 35. Hulle het gekom tot by die trappe. Die mense was baie kwaad vir Paulus en hulle het so baie aan hom gestamp dat die soldate vir Paulus moes dra.
- 36. Die mense wat saamgegaan het, het die hele tyd geskree en gesê: "Maak hom dood!"

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
## Paulus sê dat hy niks verkeerd gedoen het nie




- 37. Die Romeinse soldate het vir Paulus na die soldate-kamp geneem. Toe hulle daar aankom, vra Paulus vir die hoof-offisier: **"Mag ek iets sê?"** Die hoof-offisier het gesê: "Ek hoor jy kan Grieks praat.
- 38. Ek weet nou jy is nie die Egiptenaar wat 'n tyd gelede 'n klomp mense opstandig gemaak het en toe 4 000 manne na die woestyn geneem het nie, die manne wat teen die Romeine wou veg."

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Handelinge 21
## Paulus sê dat hy niks verkeerd gedoen het nie




- 39. Paulus het vir hom gesê: "Nee, ek is 'n Jood. Ek kom van die stad Tarsus in die provinsie Silisië. Ek woon in Tarsus, dit is 'n belangrike stad! **Ek vra mooi vir jou: Mag ek asseblief met die mense praat?**"
- 40. Die hoof-offisier het gesê Paulus mag met die mense praat. Toe het Paulus op die trappe gaan staan en hy het met sy hand vir die mense gewys hulle moet stilbly. Dit het baie stil geword en Paulus het in Hebreeus met hulle gepraat.

https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21

# Children's Bible Lessons




Available at http://1.bp.blogspot.com/-3PGjMAYnOyc/VcgwwiYzIRI/AAAAAAAADr8/3HOEvWQXbWY/s1600/5.jpg

# Source Recognition | Erkenning van Bron

- https://biblics.com/af/amp/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/21
- Please support the Bible Society of SA and be a sower of hope
- Please support https://www.youversion.com/the-bible-app/
- Verskaf met die komplimente van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. © Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
- Ondersteun asseblief die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en word 'n saaier van hoop.
- AGS Helderberg ondersteun die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en moedig mense aan om bydraes te lewer.

Handelinge Bybelstudie

Kaart van Sendingreise van Paulus se bediening

